**Die tabernakel versus die gelowiges as die tempel (OP185)**

**1 Kor 3:7-17**

**18 Augustus 2024**

Ons is steeds besig om die tabernakel en tempeltema te bestudeer soos wat dit ontwikkel deur die loop van die openbaringsgeskiedenis. Tot dusver het ons gesien dat die tabernakel 'n Ou Testamentiese tipe was wat die verlossingsproses wat die Here met gelowiges loop, uitbeeld. Die eerste tempel in die openbaringsgeskiedenis is die tuin van Eden. Daarna het die Here by Sinai opdrag gegee dat die volk die tabernakel moet bou sodat Hy in hulle midde kan woon. Na die inname van die beloofde land het Salomo vir die Here 'n tempel gebou in Jerusalem as vaste woonplek vir die Here in hulle midde. Die volk het egter aan die fisiese tempel vasgehou, eerder as om die Here te aanbid. Gevolglik is die tempel verwoes toe die volk in ballingskap weggevoer is. Voor, tydens en na die ballingskap is verskeie profesieë gegee rakende 'n toekomstige tempel. Dit was egter duidelik dat die tempel wat na die ballingskap gebou is, nie die vervulling was van hierdie profesieë nie. Laasweek het ons na die Evangelies aan die begin van die Nuwe Testament gekyk – daaruit was dit duidelik dat Jesus die vervulling is van hierdie profesieë – Hy het kom tabernakel onder die mense, Hy is die Lig en die Lewe, Sy liggaam is die tempel, en Hy vorm die skakel tussen God die Vader en die mense. Boonop openbaar Hy die heerlikheid van die Vader. Hy het ook herhaaldelik tydens Sy openbare optrede aangedui die fisiese tempel staan op die punt om uitgediend te wees. Dit sal vervang word deur aanbidding in gees en in waarheid in die ware tempel. Toe Hy aan die kruis gesterwe het, het die voorhangsel in die fisiese tempel geskeur, en het die fisiese tempel se rol tot 'n einde gekom – Hy is nou die tempel. Hy het vrede vir Sy volgelinge bewerk (soos wat van die profesieë voorspel het), en Hy het ook Sy dissipels uitgestuur om dissipels van al die nasies te gaan maak, soos wat die profesieë ook vooruit gesê het sou gebeur.

Vandag wil ek vir 'n tweede laaste keer by hierdie tema stilstaan. Vandag wil ek die klem laat val op die gelowiges wat ook in die Nuwe Testament beskryf word as die tempel. Vir die doel wil ek na drie Nuwe Testamentiese gedeeltes kyk: 1 Kor 3, Ef 2 en 1 Pet 2.

<u>1 Kor 3:7-17 Gelowiges is die tempel van God waarin die Heilige Gees woon</u>

Die agtergrond van hierdie gedeelte in 1 Kor is dat daar partyskappe in die gemeente was – sommiges was volgelinge van Apollos en ander van Paulus. In verse 6-9 gebruik Paulus die beeld van 'n saailand om die gemeente te beskryf. In vers 6 sê Paulus hy het geplant en Apollos het natgegooi – dus het hulle al twee iets gedoen, en hulle rolle was verskillend, maar dit maak nie die een meer belangrik as die ander nie. In vers 7 maak hy dit duidelik, hulle het al twee 'n rol gespeel – maar ten diepste is dit die Here wat die groei gee in die gemeente. In verse 8-9 verduidelik hy die gemeente is God se saailand, en beide hy en Apollos is bloot medewerkers van God – maar die bouwerk wat deur hulle gebeur het, is ten diepste deur God bewerk – dit is Sy bouwerk, en hulle is die medewerkers. Maar let op: daar is bouwerk wat moet plaasvind in die gemeente, God laat dit gebeur deur medewerkers soos Paulus en Apollos. Let ook op: hulle sal elkeen sy loon ontvang volgens die bouwerk wat elkeen verrig het.

In verse 10-17 gebruik Paulus 'n ander beeld: hier vergelyk hy die gemeente met 'n gebou. Volgens vers 10 het hy soos 'n bedrewe bouer vir hierdie gebou 'n fondament gelê. Ander kan nou verder aan die gebou bou, maar hulle moet noukeurig let op hoe hulle bou – hulle moet op hierdie fondament bou wat hy gelê het. Vers 11 maak dit duidelik dat hierdie fondament Jesus Christus is. In verse 12-15 verduidelik Paulus daar is verskillende maniere waarop gebou kan word: ander kan verskillende materiale gebruik – soos goud, silwer, kosbare stene, of ook hout, gras of strooi. Wat

elke bouer egter moet verstaan is dat sy bouwerk getoets gaan word. Dit gaan met vuur getoets word op dié dag – dié dag verwys waarskynlik na die oordeelsdag. Die bouwerk sal met vuur getoets word. Ek glo dit is duidelik as iemand met goud, silwer of kosbare stene gebou het, sal dit die toets deurstaan, maar as iemand met hout, strooi of gras gebou het, sal sy bouwerk verbrand. Dink nou maar weer aan die tabernakel of die tempel – 'n verskeidenheid van materiale is gebruik vir die bouwerk, maar dit is tog opvallend dat al die meublement of met koper of goud oorgetrek was, wat daarop dui dat dit goeie bouwerk was. Ons lees ook dat as iemand se bouwerk staande bly in die vuurtoets, sal hy beloon word, maar as sy bouwerk verbrand sal hy skade ly – maar tog sal hyself gered word, al is dit dan soos deur vuur heen. Wat beteken dit? As iemand goeie bouwerk doen in die gemeente, kan so 'n persoon loon verwag – die loon sal hy ontvang in die hiernamaals. Dit is nie presies duidelik wat die loon sal wees nie, maar ek glo dat dit beteken so 'n persoon sal in die hiernamaals groter verantwoordelikhede ontvang. Die persoon wat nie goeie bouwerk gelewer het nie, gaan nie so 'n loon ontvang nie – maar hy sal steeds gered word – ons word immers nie gered op grond van ons kwaliteit bouwerk nie, maar wel deur geloof.

In vers 16 word dit duidelik hoekom hierdie bouwerk waarvan Paulus praat so belangrik is: dit is bouwerk aan die tempel van God. Bouwerk in die gemeente is bouwerk aan die tempel van God – m.a.w. gelowiges in die gemeente is die tempel van God. In die Ou Testament was die tempel God se woonplek onder die volk – nou is die gelowiges die tempel in die sin dat hulle die woonplek is vir die Heilige Gees wat in hulle woon. Onthou laasweek het ons gesien dat Jesus onder die mense kom tabernakel het – Hy was die teenwoordigheid van God onder die mense – soos wat die tempel in die Ou Testament was. Maar na Jesus se hemelvaart het Hy Sy Heilige Gees gestuur – en dié woon in die harte van die gelowiges. Daarom is gelowiges nou die woonplek van God onder die mense – die Heilige Gees, wat self ook God is, woon in hulle. Vers 17 voeg nou by dat die tempel van God heilig is – dink maar net aan al die voorskrifte in die Ou Testament dat nie sommer enigeen in die tempel kon ingaan nie – daar was daardie kringe van toenemende heiligheid soos wat mens die Allerheiligste nader – die tempel was heilig. Maar as die tempel heilig is, en die gelowiges is die tempel, dan beteken dit dat die gelowiges ook heilig moet wees. Maar onthou nou wat die Here in Eks 19:6 vir die volk gesê het toe hulle by Sinai aangekom het – Hy het gesê Hy wil hulle 'n koninkryk van priesters maak en 'n heilige nasie. Ons het nog nie in detail na die werk van die Heilige Gees gekyk nie (sal meer daaroor besin in die nuwe verbond) – maar dit is juis die werk van die Heilige Gees wat gelowiges heilig maak. Onthou ook hoe ons in die Ou Testamentiese profesieë telkens die werk van die Heilige Gees raak geloop het. In Eseg 36:27 het die Here beloof die Heilige Gees sal aan gelowiges nuwe harte van vleis gee, in Hag 2:5 het die Here beloof Sy Heilige Gees sal altyd by hulle bly, in Sagaria se vyfde visioen het die Here gesê nie deur eie mag of krag nie, maar deur my Gees (Sag 4:6) – hier was die Heilige Gees die olie wat van die Gesalfdes na die lampe gevloei het, in Sag 6:8 trek die Heilige Gees saam met die strydwaens oor die aarde. En laasweek het ons in Joh 4:23-24 geleer dat Jesus geleer het dat wanneer die fisiese tempel in Jerusalem sy nut verloor het, sal gelowiges voortaan die Here in gees en waarheid aanbid – wat juis 'n werk van die Heilige Gees verg. En nou leer Paulus gelowiges is voortaan die tempel, wat gebou is op die fondament wat Jesus self is, en die Heilige Gees woon in hulle. Bouwerk aan die tempel, beteken bouwerk aan gelowiges. Bouers soos Paulus en Apollos is medewerkers saam met God, in besonder saam met die Heilige Gees, aan hierdie tempel. Elke gelowige behoort egter self ook so 'n medewerker en bouer te wees. Wat kan meer kosbaar wees as om God se medewerker te wees aan die bou van Sy tempel wat bestaan uit gelowiges – en boonop is daar loon aan gekoppel – die bouwerk het 'n effek selfs tot in die hiernamaals.

Ef 2:19-22 Gelowiges is die tempel tot woonplek van God deur die Gees

Voordat ons na verse 19-22 kyk, moet ons eers na die vorige gedeelte in hierdie hoofstuk kyk: In verse 8-10 is daardie bekende woorde: Julle is uit genade gered, deur die geloof, nie uit eie werke nie, nee, dit is 'n gawe van God. Boonop het ons 'n doel: ons moet die goeie werke doen wat God vir ons voorberei het.   Onthou, Paulus skryf aan die Efesiërs – hulle is gelowiges van nie-Joodse afkoms. Maar hulle word ook gered deur geloof in Christus Jesus. Paulus laat juis hierop die klem val in verse 11-13 as hy sê hulle was vroeër heidene, hulle was onbesnede, hulle was uitgesluit van die burgerskap van die volk Israel, hulle was vreemdelinge van die verbondsbeloftes, kortom, hulle was sonder hoop en sonder God in hierdie wêreld. Maar tog het hulle nou in Christus Jesus naby gekom – al was hulle vroeër ver en verlore.

In verse 17-18 beskryf Paulus dat die Here Jesus vrede as goeie boodskap gebring het – hierdie vrede het Hy gebring vir beide die wat ver was, dus die gelowiges uit die heidennasies soos die Efesiërs, sowel as vir die wat naby was, dus die gelowiges uit die Jode. Deur die werk van die Here Jesus het beide die gelowiges uit die heidennasies, sowel as die gelowiges uit die Jode, toegang tot die Vader deur die een Gees, wat natuurlik die Heilige Gees is. Maar let op: die Here Jesus het vrede bewerk vir al die gelowiges ongeag hulle herkoms – maar onthou nou wat ons laasweek gesien het dat die Here Jesus op daardie Opstandingssondag aan Sy dissipels verskyn het, en vir hulle gesê het: Vrede vir julle (Joh 2:19). Dit was met Sy dood en opstanding dat Hy formeel die tempel geword het, wat die fisiese tempel sy betekenis verloor het. Dit was ook toe dat Hy vrede bewerk het tussen God en die mense wat in Hom glo. Dit was boonop 'n vervulling van wat die Here in Haggai 2:9 beloof het dat die heerlikheid van daardie toekomstige tempel groter sal wees as enige van die Ou Testamentiese tempels, en dat dit in daardie tempel is wat Hy vrede sal bewerk. Wel, Jesus is daardie tempel, en Jesus het die vrede bewerk. En Paulus se punt hier in Ef 2 is dat daardie vrede nie beperk is tot die Jode nie, maar ook vir gelowiges uit die heidennasies, soos die Efesiërs. Natuurlik sien ons hier hoe die tuin van Eden besig is om uit te brei tot aan die einde van die aarde. Ons sien hoe Jakob se nageslag besig is om uit te brei na die noorde en die suide, die ooste en die weste (Eks 28). Ons sien hoe die volk besig is om hulle tentdoeke wyd te span, soos Jesaja hulle opgeroep het (Jes 54:2). Ons sien hoe daardie stroom water uit die tempel in Eseg 36 besig is om lewe te skep so ver as wat dit vloei. Ons sien hoe die nasies na die tempel kom, soos Hag 2:7 gesê het. Ons sien hoe die strydwaens in Samaria se agste visioen uittrek in alle rigtings oor die aarde (Sag 6:6).

Let ook op: ons lees dat selfs die gelowiges uit die heidene toegang tot die Vader bekom deur Jesus Christus, en deur die Gees. Dit gebeur deur Jesus Christus: Onthou, laasweek het ons in Joh 1:51 gesien Jesus staan aan die voet van die leer waarteen die engele op en af klim, die Vader staan aan die bopunt van die leer – Jesus is die ontmoetingsplek tussen die gelowiges en die Vader, soos wat Eden was, soos wat die tabernakel en die tempel was. En die Heilige Gees speel ook 'n belangrike rol – soos wat ons vroeër ook in 1 Kor 3 gesien het. Onthou Sagaria se vyfde visioen (Sag 4) waar die olie van die twee olyfbome na die kandelaar gevloei het om dit te laat brand. Ons het gesê die olie is die Heilige Gees, en die twee olyfbome is die Koning en die Hoëpriester, dus Jesus as die Priesterkoning – en dit is presies wat Paulus sê in Efese besig is om te gebeur. Dit is deur die werk van Jesus en die Heilige Gees wat selfs gelowiges uit die heidennasies die Here in vrede ontmoet.

Met dit alles in gedagte, kom ons let nou op wat Paulus in verse 19-22 sê: Hierdie gelowiges uit die heidennasies is nou medeburgers en lede van die huisgesin van God. Hulle word gebou, hulle word gebou op die fondament van die apostels en die profete met Christus Jesus self as die hoeksteen, hulle word gebou as 'n gebou, en hierdie gebou is 'n heilige tempel vir die Here. Dit is in hierdie gebou wat God woon, deur die Heilige Gees.

Wat Paulus hier sê is 'n mondvol – maar ons het al baie aspekte vroeër raakgeloop. Kom ons dink aan Jesus wat die hoeksteen is van hierdie tempelgebou: Laasweek het ons in daardie gelykenis wat

Jesus in Mark 12:10 oor die huurders vertel het, gesien dat Hy die hoeksteen is wat deur die bouers verwerp is – 'n uitspraak wat alreeds uit Ps 118 gekom het. Hier in Ef 2 beskryf Paulus Jesus as die hoeksteen van die tempel, terwyl ons in 1 Kor 3 gesien het hy beskryf Jesus as die fondament – die twee beelde verskil ietwat in beskrywing, maar die betekenis is soortgelyk – hier in Ef 2 is Paulus meer gedetailleerd. Die hele tempel staan op Jesus en Sy werk – hetsy of Hy die fondament of die hoeksteen is – Hy is die Priesterkoning wat vrede bewerk het tussen gelowiges en die Here.

Paulus gaan verder en sê as Jesus die hoeksteen is, is die apostels en die profete die fondament van die tempel. Ek glo dat dit op hierdie stadium duidelik is hoe die profete die fondament van die tempel vorm – immers was daar talle profetiese uitsprake wat lank vooruit verskeie aspekte van hierdie komende tempel aangekondig het, en wat óf in Jesus vervul is, óf besig is om vervul te word soos wat gelowiges uit die Jode en die heidendom ook deel word van die tempel. Hierdie aankondiging van die profete vorm die fondament van die tempel wat nou besig is om gebou te word.

Kom ons besin oor die feit dat Paulus sê die apostels vorm ook deel van die fondament, tesame met die profete. Paulus is natuurlik een van die apostels. Kom ons kyk dan na wat hy in Ef 3:2-9 skryf – lees dit. In vers 2 sê Paulus dit was sy taak om God se bediening van genade aan die Efesiërs te verkondig. Volgens vers 3 was daar 'n geheimenis wat aan Paulus geopenbaar is. Paulus sê hy het hierdie geopenbaarde geheimenis reeds aan die Efesiërs beskryf, en volgens vers 4 moet die Efesiërs dit lees – en dan sal hulle Paulus se insig in die geheimenis van Christus begrip. Dus: hierdie geheimenis wat aan Paulus geopenbaar is, is reeds aan die Efesiërs beskryf – en die beskrywing sal Paulus se insig toon in die geheimenis van Christus. Vers 5 voeg by dat hierdie geheimenis nie aan vorige geslagte bekend gemaak is nie – maar nou eers aan die apostels en profete, soos Paulus, bekend gemaak is. Die geheimenis word in vers 6 beskryf: Dit is dat heidene deur die evangelie ook mede-erfgename of medelede of deelgenote is aan die belofte in Christus Jesus. Wel, nou verstaan ons waar Paulus dit aan die Efesiërs beskryf het – vroeër in Ef 2 soos wat ons sopas na gekyk het. Vers 5 maak dit duidelik dat dit die Gees is wat hierdie geheimenis aan die apostels duidelik gemaak het. Geliefdes, ek dink nie ons begryp hoe ingrypend hierdie ontwikkeling in die openbaringsgeskiedenis was nie: Gedurende die Ou Testament was die fokus voortdurend op die volk Israel. Ja, dit is so: daar was talle uitsprake oor die tuin van Eden wat moet uitbrei tot die hele aarde bedek is, Jakob se nageslag wat sal uitbrei in alle rigtings, en verskeie profetiese uitsprake oor die nasies wat na die tempel sal kom. Maar dit was nie altyd so duidelik hoe dit sou gebeur nie. Vers 9 sê dit was vir eeue lank verborge in God – ja, dit was aangekondig deur die profete, daarom is hulle deel van die fondament, maar dit was nie so suidelik hoe dit sou gebeur nie. Maar nou is dit bekend gemaak, dit is nou deur die Heilige Gees aan die apostels bekend gemaak. Wat bekend gemaak is aan die apostels is dat hulle die evangelie selfs aan die heidene kan gaan verkondig. In verse 7-9 maak Paulus dit duidelik dat hy in besonder geroep is om die evangelie aan die heidene te gaan verkondig – en ons weet uit die Bybelgeskiedenis dat dit inderdaad die geval was.

Sien jy die prentjie van Ef 2:20-22? Die profete het vooruit aangekondig dat baie mense uit baie nasies na die tempel gaan kom. Dit was deel van die fondament van die ware tempel. Maar Jesus moes eers kom, en sterf en opstaan, en so die nuwe ware tempel inlei – daarom is hy die hoeksteen. En toe moes die Heilige Gees kom en aan die apostels die geheimenis bekend maak van hoe hierdie tempel gaan groei deurdat die evangelie selfs aan heidene verkondig moet word – daarom is die apostels saam met die profete die fondament van die ware tempel. En die tempel wat nou op hierdie hoeksteen en fondament gebou word, bestaan uit gelowiges afkomstig uit alle nasies – hulle vorm die gebou, die heilige tempel, hulle vorm die woonplek van God. Hulle is die woonplek omdat God deur Sy Gees in hulle woon – soos wat 1 Kor 3 ons ook geleer het. Voeg nou Ef 3:10 hierby:

Noudat hierdie geheimenis geopenbaar is, nou dat die tempel besig is om gebou te word, het die kerk ook die verantwoordelikheid om hierdie ryklik geskakeerde wysheid van God te gaan verkondig. Dit behoort ons as die kerk met groot opgewondenheid te vul om juis dit te gaan doen – immers die geheimenis van eeue lank is nou geopenbaar!

<u>1 Pet 2:4-10 Laat julle as lewende klippe opbou tot 'n geestelike huis, en verkondig God se verlossingsdade</u>

Petrus skryf in hierdie brief as apostel aan die vreemdelinge van die Diaspora in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië – m.a.w. Petrus skryf aan gelowiges uit die heidendom, soos Paulus in Korintiërs en Efesiërs, waarna ons vroeër gekyk het.

In 1 Pet 2:4-10 skryf Petrus oor baie dinge wat nou al aan ons bekend is: In verse 4-8 beskryf Petrus ook Jesus as die lewende klip wat deur die bouers afgekeur is, maar wat juis die hoeksteen geword het – wat natuurlik aansluit by Ef 2, Mark 12 en selfs Ps 118. Ek gaan nie weer hierop uitbrei nie. Maar let op wat Petrus in vers 5 beskryf: Hy roep die gelowiges uit die heidendom op om hulle te laat opbou as lewende klippe tot 'n geestelike huis. Jesus is die lewende klip wat ook die hoeksteen is van die ware tempel – en nou moet die gelowiges hulle self laat opbou om ook lewende klippe in hierdie geestelike huis, dit is die ware tempel, te wees. Tot dusver het ons gesien een vorm van bouwerk wat nodig is in die ware tempel, is dat die evangelie aan alle nasies verkondig moet word, sodat daar al meer klippe sal wees wat in die ware tempel ingebou kan word. Maar hier lees ons dat daar nog 'n vorm van bouwerk is wat moet plaasvind: die gelowiges wat reeds klippe is moet verder opgebou word tot lewende klippe – hulle moet geskaaf en getimmer word tot hulle werklik inpas as lewende klippe in die ware tempelgebou. Hoe lyk sulke opgeboude lewende klippe? Hulle moet 'n heilige priesterdom wees wat geestelike offers bring wat deur Jesus Christus vir God aannemelik is. Vers 9 motiveer dit verder: hulle is immers 'n uitverkore geslag soos wat die Ou Testamentiese volk die Here se uitverkore volk was, hulle is 'n koninklike priesterdom, soos wat die Here in Eks 19:6 gesê het Hy Sy volk wil maak, hulle is immers 'n heilige nasie, soos wat die Here by Sinai gesê het Hy die volk wil maak, hulle is nou die volk wat aan God behoort – nie meer die fisiese volk Israel nie. Sien jy die punt? Wat die Here destyds by Sinai onderneem het Hy met die volk wil bereik, word nou bereik deur gelowiges in Jesus Christus afkomstig uit beide die Jodedom maar ook die heidennasies. Hierdie mense is die mense wat Hy uit die duisternis geroep het na Sy wonderlike lig – maar dit is juis wat ons laasweek in Joh 1:9 gesien het waar was van Jesus – Hy het na die wêreld gekom as die ware lig wat die harte van mense verlig het – onder andere ook die mense aan wie Petrus hier skryf.

Maar let nou op: daar is twee dinge wat van hierdie lewende klippe verwag word: (1) Hulle moet hulle laat opbou as lewende stene sodat hulle geestelike offers kan bring wat deur Jesus Christus vir God aanneemlik is (vers 5) – in verse 11 en verder brei Petrus in detail hierop uit. Dit beteken dat die lewende klippe 'n heilige lewe moet lei, dit is wat vir God aanneemlik is. Immers het die Here ook by Sinai Sy wet gegee wat definieer hoe 'n heilige lewe lyk wat vir die Here aanneemlik is. Die Here se verwagting is steeds dieselfde – die lewende klippe moet 'n heilige lewe lei, immers hulle moet 'n heilige nasie wees. (2) Die Here het egter nog 'n verwagting van die lewende stene – sien vers 9. Hulle moet die deugde gaan verkondig van Hom wat hulle geroep het vanuit die duisternis na Sy wonderlike lig. Dit was deur die gehoorsaamheid van die apostels dat hierdie heidene van vroeër deel geword het van die lewende klippe, maar nou verwag die Here van hulle dat hulle ook verder die deugde van die Here, die onpeilbare rykdom van Christus, die ryklik geskakeerde wysheid van God moet gaan verkondig. Opsommend: die klippe wat reeds in die ware tempel is moet opgebou word tot perfekte lewende stene, en verder moet nog klippe ingebring word deur die verkondiging van die evangelie.

As jy oortuig is jy is 'n gelowige, kan ek jou dan vra: Is altwee hierdie verwagtinge van die Here sigbaar in jou lewe? Kan jy eerlik sê jy strewe om opgebou te word as 'n lewende klip? En kan jy eerlik sê jy strewe om die deugde van die Here te verkondig?

<u>Afsluiting</u>

Geliefdes, ter afsluiting wil ek julle aandag op die volgende vestig: Ek hoop dit is duidelik hoe lank die Here dit al beplan het en al die voorbereidings gemaak het dat ons as mense Sy doel kan verstaan: Sy doel is dat Hy in ons midde wil woon en dat die hele aarde gevul sal wees met mense wat Hom aanbid. Na eeue van voorbereiding het Jesus gekom as die vervulling van Sy rol om die hoeksteen te word van die ware tempel. En toe begin die bouwerk aan die ware tempel in alle erns. Die apostels lê die fondament dat mense nou uit al die nasies deel kan word van hierdie tempel. En ons weet dit is nou meer as 2000 jaar later, en die lewende klippe kom steeds in vanuit al die nasies oor die aarde.

Die vraag is hoekom doen die Here dit alles? Vir die doel wil ek julle verwys na Ef 2:4-7. Lees dit. In verse 4-6 lees ons die heerlike waarheid dat die Here in Sy barmhartigheid mense wat dood was a.g.v hulle oortredings op grond van Sy liefde saam met Christus lewend gemaak het. Dit is wat ons nou oor gepraat het – mense uit alle nasies kom tot geloof deur die werk van die Seun, en die Here aanvaar hulle op grond van Sy barmhartigheid en liefde. Die vraag is: Hoekom doen die Here dit alles?

Let nou op vers 7: "sodat Hy in tye wat kom, bewys kan lewer van die allesoortreffende rykdom van Sy genade deur Sy goedheid aan ons in Christus Jesus." Hoor jy dit? Die Here doen dit alles sodat Hy bewyse het van die allesoortreffende rykdom van Sy genade en goedheid aan ons in Christus Jesus. Ons, die gelowiges, die lewende klippe in die ware tempel is daar deur die genade en goedheid van die Here in Christus Jesus. Maar ons is daar as bewysstukke wat die Here kan gebruik om Sy rykdom aan genade en goedheid mee te bewys. Geliefdes, hierdie is 'n groot saak: ons haak soms vas by die feit dat die Here ons verlos. Ja, ons erken selfs dat die Here dit doen deur Sy verstommende genade en goedheid. Maar dikwels is dit vir ons die eindpunt: ons verlossing is dikwels vir ons die eindpunt waarheen God werk, en as God dit bereik het, is alles mos weer reg. Ons is dan gered!

Maar wat vers 7 ons leer is dat ons verlossing 'n middel is vir 'n groter doel. Ons verlossing is 'n bewysstuk wat die Here in die toekoms wil gebruik om Sy allesoortreffende genade en goedheid deur die werk van Jesus Christus mee te bewys. Ek is oortuig die doel met die skepping en die herskeppingswerk (dit is die verlossingswerk) van die Here is om bewyse bymekaar te werk van Sy genade en goedheid, en ook van al Sy ander eienskappe. Die Here wil Homself openbaar deur Sy skeppingswerk en herskeppingswerk – dit is in hierdie werk dat Hy Homself bekend maak. Ons as gelowiges, as lewende klippe in die ware tempel, is bevoorreg in die sin dat ons voordeel trek uit die Here se werk – ons word verlos. Maar ons verlossing is 'n middel tot 'n doel: Jy sien, in die ewigheid na hierdie lewe, moet ons die Here verheerlik in aanbidding. Wat gaan die inhoud van ons verheerliking en aanbidding wees? Ons verlossing. Dit gaan die bewys wees dat die Here aanbiddenswaardig is en al die heerlikheid waardig is. Dit is opvallend as jy in Openbaring gaan lees waarvoor die Here in die hemel verheerlik word – dan is dit oor die verlossing van die gelowiges – hulle is die bewyse dat Hy verheerlik moet word, want Hy is dit waardig. Sien jy, ons verlossing is nie die eindpunt nie, ons verlossing is die bewys dat die Here waardig is om verheerlik te word – die eindpunt is dat Hy in die ewigheid verheerlik moet word deur elke lewende klip, wat elkeen persoonlik die goedheid en genade van die Here beleef het, en Hom nou daarvoor verheerlik.

Geliefdes, ek wil volgende week vir ‘n laaste keer by die tempel/tabernakel tema stilstaan. En ek wil dan juis gaan kyk na wat ons lees van die volle vervulling hiervan. Mag ek intussen elkeen aanmoedig om jou te laat opbou tot ‘n lewende klip in die ware tempel, en ook om terselfdertyd die verlossingsdade van die Here te verkondig, sodat nog klippe in die ware tempel ingebou word.